

NWK Beherend Beperk

2019

Gekonsolideerde tussentydse finansiële state
vir die ses maande geëindig **31 Oktober 2019**



NWK BEHEREND BEPERK

(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)

(Registrasienommer 1998/007243/06)

4AX aandelekode: 4ANWKH

ISIN: ZAE400000028

GEKONSOLIDEERDE TUSSENTYDSE FINANSIËLE STATE VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 OKTOBER 2019

Direkteursverslag	2
Staat van finansiële stand	5
Staat van wins of verlies	6
Staat van omvattende inkomste	7
Staat van veranderings in ekwiteit	7
Kontantvloeistaat	8
Segmentele verslagdoening	9
Aantekeninge by die tussentydse finansiële state	10
Korporatiewe inligting	12

Die gekonsolideerde tussentydse finansiële state is nie geouditeer of onafhanklik nagesien nie, is deur D van Zyl voorberei, op 6 Desember 2019 deur die direksie goedgekeur en op 6 Desember 2019 gepubliseer. Hierdie verslag is in Engels en Afrikaans gepubliseer. Indien enige teenstrydighede tussen die Engelse en Afrikaanse weergawes van die verslag voorkom, moet die Engelse weergawe as die korrekte weergawe beskou word.



DIREKTEURSVERSLAG AAN DIE LEDE VAN NWK BEPERK

Die direksie doen, in dié verslag, wat as deel van die gekonsolideerde tussentydse finansiële state aangebied word, verslag oor die finansiële stand van die maatskappy, sy filiale, geassosieerde en gesamentlike ondernemings soos op 31 Oktober 2019, die resultate van hulle bedrywighede en kontantvloei vir die ses maande op daardie datum geëindig.

VERKLARING VAN VERANTWOORDELIKHEDE

Die direksie is verantwoordelik vir die finansiële state. Ingevolge dié verantwoordelikheid is dit die plig van die direkteure om te verseker dat die finansiële state die finansiële stand en prestasies van die maatskappy billik aanbied, dit volledig en akkuraat is, voldoen aan die bepalings van die Maatskappywet van Suid-Afrika, en in ooreenstemming met die voorskrifte van internasionale finansiële verslagdoeningstandarde voorberei is. Die voorskrifte van internasionale finansiële verslagdoeningstandarde vereis dat die direkteure die lopendesaakbeginsel by die voorbereiding van finansiële state ondersoek, toepaslike rekeningkundige beleid identifiseer om bates, laste, inkomste en uitgawes te verantwoord, oordeel gebruik en ramings en aannames aangaande die toekoms maak.

LOPENDESAAKBEGINSEL

By die voorbereiding van finansiële state ondersoek die direksie op grond van die betrokke finansiële state onder oorsig die finansiële stand, resultate en verhoudings van die groep, sy kapitaalbehoeftes, finansiële verpligtinge en die vereeffningsdatums daarvan, leningsooreenkoms, beskikbare fasilitete, finansiële bates en die verhaalbaarheid daarvan, kontantgenererende bates en kontantvloei, sowel as die algemene ekonomiese en landboutoestande, heersende en verwagte marktoestande, politieke klimaat en ander beduidende volhoubaarheidsaangeleenthede. Die direkteure is van mening dat die groep 'n lopende saak is, gevvolglik is die gekonsolideerde tussentydse finansiële state volgens die lopendesaakbeginsel voorberei.

GEBEURE NÁ DIE VERSLAGDOENINGSTYDPERK

Die direksie is nie bewus van enige gebeure ná die verslagdoeningstydperk wat nie reeds in die gekonsolideerde tussentydse finansiële state behandel is en wat 'n wesenlike invloed op die geopenbaarde gekonsolideerde tussentydse finansiële state het nie.

INTERNE FINANSIELE BEHEERSTELSEL

Die direksie is verantwoordelik vir die ontwikkeling, implementering en instandhouding van 'n doeltreffende interne finansiële beheerstelsel. Die interne finansiële beheerstelsel bestaan uit alle interne beleids- en finansiële beheermaatregels en is ontwerp om die integriteit van finansiële inligting te verseker, dit wil sê om redelike sekerheid te verskaf dat transaksies volgens beleid en procedures aangegaan word, bates beskerm word, foute en bedrog voorkom word, die rekeningkundige rekords en finansiële verslae volledig en akkuraat is, en die toepaslike wetsbepalinge en standarde nagekom word.

Die audit- en risikokomitee, interne auditfunksie en bestuur vervul sleutelfunksies by die ontwikkeling, implementering, kontrolering en beoordeling van die interne finansiële beheerstelsel. Die direksie is verantwoordelik vir die daarstelling en instandhouding van 'n onafhanklike auditkomitee en dit is sy plig om te verseker dat die groep oor 'n interne auditfunksie beskik wat onafhanklik van die bestuur optree, oor die nodige hulpbronne en kundigheid beskik, doeltreffend is en 'n risikogegronde auditbenadering volgt.

REKENINGKUNDIGE BELEID

Die groep het internasionale finansiële verslagdoeningstandaard 16 (hure) in die tydperk onder oorsig geïmplementeer. Die implementering van internasionale finansiële verslagdoeningstandaard 16 het die bestuur verplig om 'n nuwe beleid vir die erkenning van huurkontrakte te ontwikkel. Die nuwe beleid skakel die keuse uit om, in die geval waar die maatskappy die huurder is, 'n huurkontrak as 'n finansiële bruikhuur of 'n bedryfshuur te klassifiseer. Al hierdie huurkontrakte word nou dieselfde hanteer – 'n bate en 'n las word erken. In die geval waar die maatskappy die verhuurder is, word 'n huurkontrak steeds as 'n finansiële bruikhuur of 'n bedryfshuur geklassifiseer. As 'n praktiese hulpmiddel het die maatskappy gekies om die nuwe beleid nie terugwerkend op die syfers van die vorige jare toe te pas nie, maar om die effek van die verandering in beleid eerder teen die openingsaldo's van die jaar onder oorsig aan te pas. As verdere praktiese hulpmiddel het die maatskappy gekies om nie sy bestaande kontrakte te herevalueer om te bepaal of die kontrakte 'n huurkontrak is of 'n huur insluit nie. Gevolglik is net die klassifikasie van daardie kontrakte wat in gevolge die vorige beleid as finansiële bruikhure of bedryfshure geklassifiseer was, ondersoek.

DIREKTEURSVERSLAG (vervolg)

FINANSIELE EN BEDRYFSOORSIG

Die landbouomgewing is steeds uitdagend en die groep spring nie die uitdagings vry nie. Die volgehoue droogte het steeds 'n geweldige impak op die hele waardeketting.

Die omstandighede is veral in die handelsoomgewing uitdagend, en dit reflekteer ook negatief in ons syfers vir die halfjaar. Meganisasie se resultate is steeds baie negatief, maar die inisiatiewe wat deur die direksie goedgekeur is, begin reeds vrugte afwerp en ons is opgewonde oor die ommekeer wat plaasvind.

Nieteenstaande die negatiewe omgewing is die groep se resultate bevredigend, en die direksie sien uit na 'n algemene herstel in die landbouomgewing indien weersomstandighede stabiliseer.

Die groep het in die ses maande geëindig 31 Oktober 2019 'n inkomste van R1 029 miljoen en 'n na-belaste wins van R55 miljoen gerealiseer, teenoor 'n inkomste van R989 miljoen en 'n na-belaste wins van R200 miljoen in die ooreenstemmende tydperk van die vorige jaar.

Voorgesette bedrywighede het R55 miljoen tot die na-belaste wins bygedra, teenoor R57 miljoen in die vergelykende tydperk. Die huidige periode se resultate verteenwoordig 'n styging van 3% in die inkomste uit voortgesette bedrywighede, 'n daling van 72% in die na-belaste wins, en 'n daling van 3% in die na-belaste wins uit voortgesette bedrywighede. Die rede vir die afname in die na-belaste wins was die eenmalige wins met die verkoop van die Opti Agri-besighede in die 2019 finansiële jaar.

Die verswakking in die resultate van die groep uit voortgesette bedrywighede is hoofsaaklik toe te skryf aan korporatiewe aksies met aandeelhouers. Dit is grootliks negeer deur besparings in korporatiewe uitgawes en die verbetering in die resultaat van die finansiëledienssegment toegeskryf word. Die handelsegment het as gevolg van swak ekonomiese toestande en 'n onsekere politieke omgewing uitdagende handelstoestande ervaar. Die finansiëledienssegment het weens laer inleenvlakte gedurende die periode sy prestasies verbeter. Die laat seisoen het tot 'n vertraging in graanontvangste gelei, en die swakker landbouthoestande het ook tot laer graanontvangste teenoor die vorige jaar gelei. Dit het veroorsaak dat die graansegment nie sy resultate van die vorige jaar kon voortsit nie.

Die styging in graanvoorraad gedurende die periode van ses maande het tot 'n negatiewe kontantvloe uit bedrywighede gelei. Die kontantvloe van die groep is as gevolg van nougesette kontantvloeibestuur voortdurend aan die verbeter.


VOORUITSIGTE

Die algemene tekens vir weersomstandighede lyk meer positief as die laaste paar jaar se droogtoestand. Voorspellings is egter verwarrend en sienings word gereeld deur weerkundiges aangepas. Ons kan net vertrou op ons Hemelse Vader dat die uitdagende omstandighede sal verander. Indien weersomstandighede dit toelaat en verbeter, voorsien ons dat die landboubesigheidsoomgewing weer positiewe sikkusse sal ervaar.

SEISOENALE BESIGHEID

Die doelstelling van die groep is om in landbou- en verwante produkte, hulpmiddels en dienste handel te dryf en om aanverwante aktiwiteite te onderneem. Dié doelstelling veroorsaak dat die inkomste wat die groep verdien en die daaruitvoortspruitende wins of verlies aan die seisoenale aard van landbou-aktiwiteite blootgestel is. Landboukommoditeite word meestal in die eerste ses maande van 'n finansiële jaar ontvang. Daarteenoor styg die inkomste wat die handelsegment verdien in die laaste ses maande van 'n finansiële jaar wanneer somergewasse geplant word. Tradisioneel presteer die groep se sleutelbesighede beter in die laaste deel van 'n finansiële jaar, onderworpe aan klimaatstoestande, die oesopbrengste van produsente en kommoditeitspryse.

Dit is nie net die finansiële resultate van die groep wat seisoenaal van aard is nie, die staat van finansiële stand en kontantvloe word ewe-eens wesenlik deur die seisoenale aard van landbou-aktiwiteite beïnvloed. As voorbeeld is die vlakke van handels- en ander debiteure tradisioneel laer teen die einde van Oktober, wanneer die produksieskuld van die vorige seisoen vereffen is, gemeet teen die einde van April, wanneer die nuwe produksieseisoen gefinansier word. Daarteenoor is voorraadvlakte, en veral die vlakke van landboukommoditeite, tradisioneel hoër teen die einde van Oktober, in vergelyking met dié teen die einde van April. Die seisoenale skommelings in vlakke van voorraad, landboukommoditeite en handels- en ander debiteure, saam met die skommelings in die vlakke van die bank- en korttermynlenings waarmee die bates gefinansier word, is dan ook die rede waarom die groep met die aanbieding van sy gekonsolideerde tussentydse finansiële state 'n staat van finansiële stand teen die einde van die vergelykende tydperk van die vorige jaar aanbied, ten spyte daarvan dat die voorskrifte van internasionale finansiële verslagdoeningstandarde dit nie vereis nie.



DIREKTEURSVERSLAG (vervolg)

DIVIDENDE

Die direksie het op 6 Desember 2019 'n tussentydse dividend van 13 sent per aandeel – R11 miljoen in totaal – vir uitkering aan die aandeelhouers verklaar.

GOEDKEURING

Die direkteure is van mening dat die gekonsolideerde tussentydse finansiële state die finansiële stand en prestasies van die maatskappy billik aanbied, dat dit volledig en akkuraat is, voldoen aan die bepalings van die Maatskappwyet, en in ooreenstemming met die voorskrifte van internasionale finansiële verslagdoeningstandaarde voorberei is. Die direkteure is van mening dat die rekeningkundige beleid toepaslik is, die wesenlike onsekerhede verbonde aan die voorbereiding van die gekonsolideerde tussentydse finansiële state behoorlik beoordeel is, en dat ramings en aannames redelik, omsigtig en onbevooroordeeld is en die beskikbare en toepaslike inligting in ag neem. Die gekonsolideerde tussentydse finansiële state vir die ses maande geëindig 31 Oktober 2019, soos op bladsy 1 tot 12 uiteengesit, is op 6 Desember 2019 deur die direksie goedgekeur en word namens die direksie onderteken deur:



H Krüger
VOORSITTER

6 Desember 2019



L Vermooten
ONDERVOORSITTER



STAAT VAN FINANSIËLE STAND

SOOS OP 31 OKTOBER 2019

	OKTOBER 2019	APRIL 2019*	OKTOBER 2018#
	R'm	R'm	R'm
Bates			
Niebedryfsbates	898	883	828
Eiendom, aanleg en toerusting	304	296	282
Beleggingseiendom	8	3	3
Ontasbare bates	26	27	30
Belegging in geassosieerde en gesamentlike ondernemings	175	168	166
Belegging in genoteerde en ongenoteerde entiteite	4	7	11
Lenings en verhulingsdebiteure	381	382	336
Bedryfsbates	2 934	1 898	3 306
Voorraad	592	436	596
Landboukommunitate	1 511	433	1 635
Handels- en ander debiteure	714	988	1 027
Voorafbetaalde uitgawes en kontrakbates	8	2	9
Afgeleide finansiële instrumente	91	19	19
Kontant en kontantekwivalente	18	20	20
Totale bates	3 832	2 781	4 134
Ekwiteit en laste			
Ekwiteit toeskryfbaar aan die eienaars van die beheermaatskappy	1 040	891	907
Aandelekapitaal	44	44	44
Verdeelbare reserwes	996	847	863
Ekwiteit toeskryfbaar aan niebeherende belanghebber	333	644	655
Ekwiteit	1 373	1 535	1 562
Niebedryflaste	17	15	24
Voorsienings	6	5	5
Huurverpligtinge	11	10	9
Uitgesteldebelasting-aanspreeklikhede	-	-	10
Bedryfslaste	2 442	1 231	2 548
Handels- en ander krediteure	292	208	411
Oplopende vergoede afwesighede	34	33	33
Laste uit kontrakte met kliënte	24	23	29
Voorsienings	8	3	7
Huurverpligtinge	10	8	8
Lopendebelasting-aanspreeklikhede	12	3	12
Afgeleide finansiële instrumente	523	157	299
Korttermynlenings	1 156	257	1 302
Bankoortrekking	383	539	447
Totale ekwiteit en laste	3 832	2 781	4 134



STAAT VAN WINS OF VERLIES
VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 OKTOBER 2019

	Aan- tekening	2019		2018	
		R'm	R'm	R'm	R'm
Inkomste		1 029		989	
Bedryfswins voor finansieringskoste	1	107		143	
Finansieringskoste		(42)		(66)	
Bedryfswins		65		77	
Ekwiteitsverantwoorde verdienste		11		6	
Voorbelastingwins		76		83	
Belasting	2	(21)		(26)	
Wins uit voortgesette bedrywighede		55		57	
Wins uit eindige bedrywighede		-		143	
Wins vir die tydperk		55		200	
Wins toeskrybaar aan die eienaars van die beheermaatskappy		42		118	
Wins uit voortgesette bedrywighede		42		34	
Wins uit eindige bedrywighede		-		84	
Wins toeskrybaar aan niebeherende belangte		13		82	
Wins uit voortgesette bedrywighede		13		23	
Wins uit eindige bedrywighede		-		59	
Wins vir die tydperk		55		200	
Verdienste per aandeel		Sent		Sent	
Basiese en verwaterde verdienste		55		154	
Basiese en verwaterde verdienste uit voortgesette bedrywighede		55		44	
Basiese en verwaterde verdienste uit eindige bedrywighede		-		110	

Die berekening van basiese en verwaterde verdienste per aandeel is gegrond op die gekonsolideerde wins van R42 miljoen toeskrybaar aan die eienaars van die beheermaatskappy en die geweegde gemiddelde getal uitgereikte aandele van 76 212 828 en, in die geval van die vorige jaar, die gekonsolideerde wins toeskrybaar aan die eienaars van die beheermaatskappy van R118 miljoen en die geweegde gemiddelde getal uitgereikte aandele van 76 212 828.

Die berekening van basiese en verwaterde verdienste per aandeel uit voortgesette bedrywighede is gegrond op die gekonsolideerde wins van R42 miljoen uit voortgesette bedrywighede toeskrybaar aan die eienaars van die beheermaatskappy en die geweegde gemiddelde getal uitgereikte aandele van 76 212 828 en, in die geval van die vorige jaar, die gekonsolideerde wins van R34 miljoen uit voortgesette bedrywighede toeskrybaar aan die eienaars van die beheermaatskappy en die geweegde gemiddelde getal uitgereikte aandele van 76 212 828.

Die berekening van basiese en verwaterde verdienste per aandeel uit eindige bedrywighede is gegrond op die vorige jaar se gekonsolideerde wins van R84 miljoen uit eindige bedrywighede toeskrybaar aan die eienaars van die beheermaatskappy en die geweegde gemiddelde getal uitgereikte aandele van 76 212 828.

STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE
VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 OKTOBER 2019

Wins vir die tydperk
Ander omvattende inkomste
Billikewaarde-aanpassing van die belegging in genoteerde en ongenoteerde entiteite

Omvattende inkomste vir die tydperk

Omvattende inkomste toeskrybaar aan die eienaars van die beheermaatskappy
Omvattende inkomste toeskrybaar aan niebeherende belang

Omvattende inkomste vir die tydperk

	2019	2018
	R'm	R'm
Wins vir die tydperk	55	200
Ander omvattende inkomste	(3)	-
Billikewaarde-aanpassing van die belegging in genoteerde en ongenoteerde entiteite	(3)	-
Omvattende inkomste vir die tydperk	52	200
Omvattende inkomste toeskrybaar aan die eienaars van die beheermaatskappy	40	118
Omvattende inkomste toeskrybaar aan niebeherende belang	12	82
Omvattende inkomste vir die tydperk	52	200

STAAT VAN VERANDERINGS IN EKWITEIT
VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 OKTOBER 2019

Beginsaldo

Omvattende inkomste vir die tydperk

Wins vir die tydperk

Ander omvattende inkomste

Effek van verandering in belang in filiaal

Dividende betaal

Ekwiteit aan die einde van die tydperk

Dividende betaal

Dividend per aandeel betaal

	2019	2018
	R'm	R'm
Beginsaldo	1 535	1 373
Omvattende inkomste vir die tydperk	52	200
Wins vir die tydperk	55	200
Ander omvattende inkomste	(3)	-
Effek van verandering in belang in filiaal	(204)	-
Dividende betaal	(10)	(11)
Ekwiteit aan die einde van die tydperk	1 373	1 562
Dividende betaal	5 sent	7 sent

KONTANTVLOEISTAAT
VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 OKTOBER 2019

	2019	2018
	R'm	R'm
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite		
Kontantvloei uit bedrywighede	(507)	(469)
Finansieringsinkomste	(513)	(436)
Finansieringskoste	71	61
Belasting betaal	(42)	(67)
Dividende betaal	(13)	(17)
	(10)	(10)
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite		
Eiendom, aanleg en toerusting verkry	(16)	(21)
Ontasbare bates verkry	(20)	(18)
Opbrengs by die vervreemding van eiendom, aanleg en toerusting	(2)	(5)
Dividende ontvang	2	-
	4	2
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite		
Korttermynlenings	677	611
Langtermynlenings betaal	895	617
Kontantvloei by die vergroting van belang in filiaal	(14)	(6)
	(204)	-
Verandering in kontant en kontantekwivalente		
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die tydperk	154	121
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die tydperk	(519)	(548)
	(365)	(427)



SEGMENTELE VERSLAGDOENING

VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 OKTOBER 2019

Die doelstelling van die groep is om in landbou- en verwante produkte, hulpmiddels en dienste handel te dryf en om aanverwante aktiwiteite te onderneem. Die bedryfsaktiwiteite van die groep word vir bestuursdoeleindes in verskeie segmente verdeel, naamlik landboukommoditeite, handel, oliopers, boerdery, finansiering en tesourie, versekering, selversekering en landboukalksteenmynbou. Die samestelling van die segmente is gegrond op, eerstens, die tipe produkte en dienste wat gelewer word; tweedens, geografiese gebiede; derdens, die kliëntebasis wat bedien word; en, laastens, die segmentsamestellings van konkurrente en ander landboumaatskappye. Die groep beoefen sy bedryfsaktiwiteite in Noordwes, Gauteng en Mpumalanga.

	SEGMENT-INKOMSTE		SEGMENT-RESULTATE	
	2019	2018#	2019	2018#
	R'm	R'm	R'm	R'm
Landboukommoditeite	146	107	78	97
Eksterne klante	146	100		
Ander segmente	-	7		
Handel	814	832	4	9
Eksterne klante	814	831		
Ander segmente	-	1		
Oliopers	-	-	4	1
Boerdery	-	168	-	143
Eksterne klante	-	135		
Ander segmente	-	33		
Finansiering en tesourie	143	108	52	38
Eksterne klante	64	54		
Ander segmente	79	54		
Versekering	-	-	2	2
Landboukalksteenmynbou	-	-	4	3
Korporatief	5	4	(68)	(67)
 Totale segmentinkomste en -resultate	 1 108	 1 219	 76	 226
 <i>Rekonsiliasie met die inkomste en voorbelastingwins getoon in die staat van wins of verlies</i>				
Segmentinkomste en -resultate hierbo getoon	1 108	1 219	76	226
Tussensegmenttransaksies	(79)	(95)	-	-
Geopenbaar as eindige bedrywighede	-	(135)	-	(143)
 Bedrae in die staat van wins of verlies getoon	 1 029	 989	 76	 83

AANTEKENINGE BY DIE TUSSENTYDSE FINANSIELE STATE

VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 OKTOBER 2019

1. BEDRYFSWINS VOOR FINANSIERINGSKOSTE

Bedryfswins voor inagneming van die uitgawes hieronder
 Waardedalingsdebiet op eiendom, aanleg en toerusting
 Afskrywing van voorraad tot netto realiseerbare waarde
 Kredietverliese op finansiële bates

Bedryfswins voor finansieringskoste

	2019	2018
	R'm	R'm
Bedryfswins voor inagneming van die uitgawes hieronder	121	152
Waardedalingsdebiet op eiendom, aanleg en toerusting	(1)	-
Afskrywing van voorraad tot netto realiseerbare waarde	(5)	(4)
Kredietverliese op finansiële bates	(8)	(5)
Bedryfswins voor finansieringskoste	107	143

2. WINS UIT EINDIGENDE BEDRYWIGHEDE

Bedryfswins van Opti Agri Proprietary Limited

Wins uit eindige bedrywighede

Wins by die vvreemding van bedrywighede

Wins uit eindige bedrywighede

OKTOBER 2019	APRIL 2019	OKTOBER 2018
R'm	R'm	R'm
Belegging in genoteerde en ongenoteerde entiteite	4	7
Billike waarde met eerstevlak-insetdata gemeet	2	2
Billike waarde met derdevlak-insetdata gemeet	2	5
Afgeleide finansiële instrumente met eerstevlak-insetdata gemeet	(432)	(137)
Netto billike waarde van die bates en laste wat teen billike waarde gemeet word	(428)	(280)
	(428)	(269)

3. BILLIKEWAARDE-HIËRARGIE VAN FINANSIELE BATES EN LASTE WAT OP 'N HERHALENDE GRONDSLAG TEEN BILLIKE WAARDE GEMEET WORD

Belegging in genoteerde en ongenoteerde entiteite
 Billike waarde met eerstevlak-insetdata gemeet
 Billike waarde met derdevlak-insetdata gemeet

Afgeleide finansiële instrumente met eerstevlak-insetdata gemeet

Netto billike waarde van die bates en laste wat teen billike waarde gemeet word

OKTOBER 2019	APRIL 2019	OKTOBER 2018
R'm	R'm	R'm
Belegging in genoteerde en ongenoteerde entiteite	4	7
Billike waarde met eerstevlak-insetdata gemeet	2	1
Billike waarde met derdevlak-insetdata gemeet	2	10
Afgeleide finansiële instrumente met eerstevlak-insetdata gemeet	(432)	(137)
Netto billike waarde van die bates en laste wat teen billike waarde gemeet word	(428)	(280)
	(428)	(269)

4. BILLIKEWAARDE-HIËRARGIE VAN FINANSIELE BATES WAT TEEN GEAMORTISEERDE KOSTE GEMEET WORD

Lenings en verhuringsdebitore

Handels- en ander debiteure

Kontant en kontantekwivalente

Billike waarde met tweedevlak-insetdata gemeet

381	382	336
714	988	1 027
18	20	20
1 113	1 390	1 383

5. BILLIKEWAARDE-HIËRARGIE VAN FINANSIELE LASTE WAT TEEN GEAMORTISEERDE KOSTE GEMEET WORD

Huurverpligtinge

Handels- en ander krediteure

Korttermynlenings

Bankoortrekings

Billike waarde met tweedevlak-insetdata gemeet

21	18	17
292	208	413
1 156	257	1 302
383	539	447
1 852	1 022	2 179

AANTEKENINGE BY DIE TUSSENTYDSE FINANSIELE STATE (vervolg)

6. VERWANTEPARTY-TRANSAKSIES

	2019 R'm	2018 R'm
Inkomste verdien uit verwante partye	22	28
Nie-uitvoerende direkteure	14	23
Uitvoerende direkteure	1	1
Gesamentlike ondernemings	7	4
Landboukommunitate by verwante partye gekoop	33	41
Nie-uitvoerende direkteure	30	41
Uitvoerende direkteure	3	-
Landboukommunitate aan gesamentlike ondernemings verkoop	394	-
Waarde van transaksies met verwante partye	449	69

7. VERGELYKENDE SYFERS*

Voorraad en landboukommunitate

In die verlede is landboukommunitate by die drabedrae van die voorraad ingesluit. Op grond van die wesenlikheid van hulle drabedrae en hulle wisselvalligheid, maar veral op die feit dat landboukommunitate teen billike waarde gewaardeer word, het die bestuur besluit om landboukommunitate as 'n afsonderlike lynitem in die staat van finansiële stand aan te bied. Die bestuur is van mening dat die skeiding van voorraad en landboukommunitate die gebruikers se begrip van die maatskappy se finansiële stand, prestasie, verhoudings en kommoditeitsrisiko's sal verbeter. Die vergelykende syfer van voorraad is derhalwe hersaamgestel.

Handels- en ander debiteure

In die verlede is bates uit kontrakte met kliënte en voorafbetaalde uitgawes by die drabedrae van handels- en ander debiteure ingesluit. Weens die feit dat bates en laste wat voortspruit uit kontrakte met kliënte en voorafbetaalde uitgawes nie finansiële instrumente is nie, het die bestuur besluit om bates uit kontrakte met kliënte en voorafbetaalde uitgawes as afsonderlike lynitems in die staat van finansiële stand aan te bied. Die bestuur is van mening dat die skeiding van finansiële en niefinansiële items gebruikers se begrip van die maatskappy se finansiële risiko's sal verbeter. Die vergelykende syfer van handels- en ander debiteure is derhalwe hersaamgestel.

Handels- en ander krediteure

In die verlede is verpligtinge op grond van kontrakte met kliënte en oplopende vergoede afwesighede by die drabedrae van handels- en ander krediteure ingesluit. Weens die feit dat bates en laste wat voortspruit uit kontrakte met kliënte en oplopende vergoede afwesighede nie finansiële instrumente is nie, het die bestuur besluit om verpligtinge uit kontrakte met kliënte en oplopende vergoede afwesighede as afsonderlike lynitems in die staat van finansiële stand aan te bied. Die bestuur is van mening dat die skeiding van finansiële en niefinansiële items die gebruikers se begrip van die maatskappy se finansiële risiko's sal verbeter. Die vergelykende syfer van handels- en ander krediteure is derhalwe hersaamgestel.

Segmentele inkomste en resultate

Sedert die vorige verslagdoeningsdatum het die bestuur besluit om die drie komponente van die finansiële dienstesegment afsonderlik aan te bied. As gevolg hiervan word die voormalige segment vir finansiële dienste nou aangebied as finansiering en tesourie, versekering en selversekering. Landboukalksteenmynbou, wat voorheen by diverse aktiwiteite ingesluit is, word nou ook afsonderlik aangebied, en die logistieke diens, wat voorheen by diverse aktiwiteite ingesluit is, word nou as deel van landboukommunitate aangebied. Daarom is die vergelykende syfers vir die inkomste en resultate van die landboukommunitatsegment, die finansiële dienstesegment en diverse bedrywigheide hersaamgestel.

KORPORATIEWE INLIGTING

LAND VAN INKOPORASIE

Republiek van Suid-Afrika

GEREGISTREERDE ADRES

Scholtzstraat 81, Lichtenburg, 2740

POSADRES

Posbus 107, Lichtenburg, 2740

NIE-UITVOERENDE DIREKTEURE

H Krüger
L Vermooten
FH Badenhorst
JJ du Preez
JP du Preez
J Mahne
JH Suurd
CF van Niekerk

OPENBARE BEAMPTE

DPG Kleingeld

SEKRETARIS

L Pieterse

VERHANDELINGSPLATFORM

4 Africa Exchange Proprietary Limited
Bryanston

4 AFRICA EXCHANGE-AANDELEKODE

4ANWKH

INTERNASIONALE SEKURITEITSIDENTIFIKASIENOMMER

ZAE400000028

OORDRAGSEKRETARIS

4 Africa Exchange Registry Proprietary Limited
Bryanston

EKSTERNE UITREIKINGSAGENT

Pallidus Capital Proprietary Limited
Pretoria

OUDITEUR

PricewaterhouseCoopers Geïnkorporeer
Lichtenburg